DIE WINTERKOU SE BYT!

Hierdie winter streeksbesoek was ongetwyfeld die hoogtepunt in my hele loopbaan by die ECA.

Met die asemberowende uitsig oor Magoebaskloof en die misbanke wat so laag hang, het ek maar my verlange na 'n knetterende kaggelvuur, met 'n warm melkdrankie op Hanover gesus.

Tzaneen se kontrakteurs het my beindruk met die feit dat hulle dit almal eens is dat die probleme wat die elektriese kontrakteur deesdae in die gesig staar, slegs die hoof gebied kan word deur hulself met nuwe tegnologie en alternatiewe energiebronne vertroud te maak.

Soos Oom Johnny Wright tereg gese het : Dit is “Adapt or Die!”

Ware sielsrus vir 'n ry-voos mens het ek net buite Tzaneen by Katie's Cottage gevind. Teen R400 per nag was die vars berglug en salige rus net die ding. Tannie Lettie Wright se fyn hand was orals te bespeur en haar hartlike verwelkoming het my sommer dadelik tuis laat voel.

Middagete is 'n definitiewe ervaring wat slegs by die Bosveld Jagtersvereniging se lapa buite Pietersburg beleef moet word. Glo my, daai ouens ken van vleisbraai! Die pap-en-sous en slaaie daarby kan deur geen ander plek geklop word nie en hul pryse is beslis in lyn met Jan Alleman se begroting.

Wel, 'n mens is nooit te oud om te leer nie en hier op my middeljare moes ek toe skoolgeld betaal. Cecil se woorde dat 'n mens niks in die lewe verniet kry nie, sal my vir ewig bybly. As iemand jou 'n rooibok belowe, maak tog seker dat jy vir die wis en die onwis geld in jou beursie het!

Op die Pietersburg vergadering is Oom Cor Niehof met 'n sertifikaat vir ere lidmaatskap vereer as blyk van waardering vir sy lang en getroue lidmaatskap en bydrae tot die uitbouing van die ECA.

Ek het laas tydens my Diensplig so koud gekry soos op die gasteplaas wat Ludri van Thabazimbi vir my gereel het. Die statige ou waenhuis en die egte boeregasvryheid wat ek by Die Trekpad ervaar het, het my begerig gemaak om weer daar te gaan kuier.

Rustenburg se kontrakteurs staan ongetwyfeld uit as 'n span Wenners! Braam van der Vyfer het toe inderdaad die daad by die woord gevoeg en 'n ECA gespreksforum op Rustenburg geskep waar onderling probleme bespreek en lede onder mekaar werk uitdeel om te verseker dat almal ekonomies voordeel uit die geleenthede in hul omgewing sal trek. Welgedaan, Braam!

Oom Piet Le Roux, 'n ware Ikoon in die Rustenburg omgewing, is beloon met sy 39 jare lange lidmaatskap aan die ECA en veral vir sy bydrae tot die opleiding van Vakleerlinge. Menige kontrakteur wat tans diep spore trap op die dorp het onder sy hande deurgeloop.

Wel, ek sal voortaan twee keer dink voordat ek weer by Rustenburg se bekende motel langs die pad slaap, het mos aanvanklik gedink ek het die jollie-jeuk, maar daai pestilensies had mos pootjies en kan hulle hulle byt! Ek slaap eerder volgende keer saam met 'n geelslang as ek my mentor, Cecil, se woorde kan gebruik.

Kort duskant Koedoeskop het ek op die interressante bordjie afgekom waar Homebaked Biltong op geadverteer word, (sien foto hierby); en ek glo dat ek dit ongetwyfeld op 'n volgende streeksbesoek sal uitprobeer.

Hierdie mooie streek het van voor af my hart gesteel en die juweeltjies wat ek op die pad opgetel het, sal ek vir ewig in my hart koester, maar tog het die streek se naam (NEP – Streek, vir Noordelike- en Oostelike Provinsies), my tog deurentyd gepla.

Die takke se lede het die naam Bosveld-streek verkies, maar ek sal graag alle lede wil uitnooi om 'n voorstel vir 'n oorkoepelende naam na my te e-pos by andre@ecasa.co.za of andersins of hulle dalk saamstem om 'n kompetisie uit te loot ten einde die mees geskikte naam te verkry.

Wie weet, die gelukkige wenner mag dalk 'n stukkie van my rooibok biltong kry! Maar onthou, nes daai rooibok, is niks in die lewe verniet nie!!!

Andre Beytel,